*Sondag* **30 Maart**

**Skrifgedeelte: Psalm 149**
**Fokusgedeelte: Psalm 149:4-7**
**Loof die Here vir die oorwinning wat Hy gee!**

Alles wat ons as kinders van God doen, moet daaroor gaan dat ons God moet eer. Ook hierdie Psalm, soos Psalm 148, begin en eindig met, *Halleluja – Prys die Here – Loof die Here*. Ons moet elke dag die Here loof en prys, want sonder Hom kan ons niks doen nie, kan ons nie leef en werk nie. Johannes 15:5: "Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug; want sonder My kan julle niks doen nie." Dit is die belangrikste saak van die plaaslike kerk – om God te loof en te prys. Ook hierdie lofprysing is wat ons in die hemel gaan voortsit, dit is wat ons vir ewig bestem is om te doen.

Ons moet God individueel loof en prys, ja ook as ons gaan lê om te slaap (Ps 3:5; 4:9). Ons moet God ook kollektief as gemeente loof en prys in die samekomste van die kerk (Heb. 10:25).

Ons moet God aanhoudend loof en prys, omdat Hy God is, omdat Hy alleen dit waardig is en omdat Hy ook elke dag oor ons waak. Ons lees in Psalm 121 dat God nie sluimer of slaap nie, maar dat Hy altyd oor ons die wag hou.

Waar en wanneer die oorwinning was waaroor die volk juig, is nie vir ons duidelik nie, maar die digter roep die Godsvolk op om God te loof. Hierdie oorwinning is onder andere ook oor die sonde, dit het Jesus Christus aan die kruis vir ons verdien. Dit het ook 'n eskatologiese oorwinningsperspektief toe Jesus opgevaar het na die hemel. Ons kan daarom nie anders as om God te loof en te prys nie.

Ons sterkste swaard in die stryd op aarde is die Woord (Heb. 4:12): "Die woord van God is lewend en kragtig. Dit is skerper as enige swaard met twee snykante en dring deur selfs tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg. Dit beoordeel die bedoelings en gedagtes van die hart." Daarom vertrou ons nie op onsself nie, maar op die Here. Hy staan die hulpeloses by, dit is die wat weet hoe afhanklik hulle van Hom is (vgl. Matt. 5:3-12; Matt. 11:5). Daarom is almal wat glo in ons Here Jesus Christus, meer as oorwinnaars deur Jesus Christus wat die oorwinning gegee het (Rom 8:37): "Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat vir ons liefhet." Prys die Here!

*Sing: Psalm 149-1:1, 2*

*Ds. GS (Gerrit) Kruger (Burgersdorp)*